Inleiding: Israel in die Einde van Dae

Aangebied deur Henru Pieters op 27-02-2022

Studie notas - Deel 1

1. Wat is die Einde van Dae volgens die Woord?

Die Einde van Dae is ‘n lang tydperk tussen Jesus se eerste koms en Sy wederkoms. Dit word beskryf deur verskeie woorde soos:

- Die bepaalde tyd van die einde (Dan. 8:19)
- Die einde van die dae (Gen. 49:1, Dan. 12:13, Jes. 2:2, 2 Pet. 3:3)
- Die einde (Dan. 12:9)
- Die tyd van die einde (Dan. 12:4)
- Kyk, daar kom dae (Jer. 23:5, 31:31, Amos 8:11)
- In dié dag (Jes. 4:2, 11:10, 12:1)
- Die dag van die Here (Jes. 13:6, Joël 1:15, 2:11, 3:15, Amos 5:18, 20, Oba. 1:15, Sef. 1:7, 14)
- Die volheid van tyd (Gal. 4:4, Efe. 1:10, Mar. 1:15)
- Die laaste dae (Hand. 2:17, 2 Tim. 3:1-9)
- Die laaste tye (1 Tim. 4:1)
- Die laaste uur (1 Joh. 2:18)

Die *Eindtyd* is ook die tydperk van die Koninkryk van God (Lukas 16:16-17).

Rabbynse tradisie uit die Talmud, traktaat Sanhedrin 79a-97b, Rabbi Elijahu sê: *“Daar is 2000 jaar van verwoesting, 2000 jaar van die Torah (Wet) en 2000 jaar van Messias, maar deur ons baie sondes is al hierdie jare verlore”*.

Verwoesting	Die Wet	Die Messias
2000 jaar	2000 jaar	2000 jaar

2. Israel: Die Eindtyd geskiedenis

1. Die verwoesting van die Tempel in 70 A.D.

a. Matteus 24:2 *"En Jesus sê vir hulle: Sien julle al hierdie dinge? Voorwaar Ek sê vir julle, daar sal hier sekerlik nie een klip op die ander gelaat word, wat nie afgebreek sal word nie."*
b. Wie het Israel verstrooi? (Deut. 32:1)
c. Daar is 'n duidelike patroon van gebeure met Israel, het jy dit al raak gesien?

2. Die Here draai Sy gesig weg van Israel.

Kenmerke van die groot Romeinse Diaspora.

a. Die uitsterf van Hebreeus as 'n lewende alledaagse taal.
b. Joodse gemeenskappe word verbied uit Jerusalem.
c. Jerusalem se naam word verander na Alia Capitolina.
d. Na 300 A.D begin antisemitisme ontstaan in die kerk.
e. Vervolging, onderdrukking neem toe teen Joodse gemeenskappe deur die eeue van die heerskappy van die Roomse Katolieke Kerk.

3. Die Here draai Sy gesig terug na Israel. (Eseg. 36-37)

a. 10 Desember 1917 bevry Generaal Allenby Jerusalem van die Turkse mag.
b. Tussen 1917-1939 trek miljoene Jode terug na Israel, terwyl dit onder Britse mag was.
c. In 1924 word die Turkse Ottoman ryk tot 'n einde gebring.
d. 1925 is die opening van die Hebreeuse Universiteit in Jerusalem.
e. Eliezer ben-Yehuda was deur die Heilige Gees geïnspireer om Hebreeus weer uit die dode op te wek.

4. Die Holocaust 1939-1945

a. 6 Miljoen Jode sterf onder die hande van Hitler en die Nazi's.
b. Die Holocaust was 'n moderne klein weergawe van die wat ons kan verwag in die toekoms.

5. 1948 Israel word in een dag weer gebore as 'n nasie

a. Jesaja 66:7-10 *"In een dag sal 'n nasie gebore word".*
b. Romeine 11:25 *"Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het;"*

6. Die Oorloë van Israel

a. 1948-49 The War of Independence
b. 1967 Die ses-dag oorlog
c. 1973 Yom Kippur oorlog 6 Oktober
d. 1973-1978 die begin van die oorlog teen terrorisme
e. 1982 Lebanon oorlog